**12 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 24:1-14 (1933/53- en 1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Matteus 24:14**

## God se Koninkryk is goeie nuus!

Wanneer ons hoor van alles wat voor die Here Jesus se wederkoms sal gebeur, is daar baie slegte nuus. Oorloë, hongersnood, vervolging ... selfs kerkmense se harte sal koud word vir die evangelie. Tog sal nie alles sleg wees nie. Iets wonderlik sal voor Jesus se wederkoms gebeur! Die evangelie sal aan alle nasies en volke verkondig word. Dis ’n belofte wat Jesus hier maak: *“En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom”* (vs 14).

Die woord evangelie beteken “goeie nuus”. Waarom is die koninkryk van God goeie nuus? Wel, die wêreld is sedert die sondeval in die wurggreep van Satan – die owerste van hierdie wêreld. Dis waarom die wêreld so stukkend is. Dis waarom daar siekte en dood en hartseer en misdaad en oorlog en ouderdom en depressie en egskeiding en eensaamheid is. Dis waarom baie mense hulleself elke nag aan die slaap huil. Satan is alles behalwe ’n goeie koning en sy koninkryk verwoes en saai chaos. Genadiglik is daar ook ’n ander koninkryk – God se koninkryk!

Daar is ten minste sewe redes waarom die koninkryk van God goeie nuus is:

1. God se koninkryk is ’n koninkryk van liefde. God is liefde. Hy is lief vir alles wat goed en reg is. In sy koninkryk is daar nie plek vir die bose en slegte nie.
2. God se koninkryk is onwankelbaar. God is almagtig. Hy is die ewige Hemelkoning. Sy koninkryk kan deur geen vyand oorweldig word nie. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie. (Lees gerus Hebreërs 12:28, Daniël 6:27b en Lukas 1:33).
3. God se koninkryk sal alle vyande vernietig (Matt. 13:41-43). Satan, al sy magte en navolgers sal oorwin en gestraf word. Stel jouself voor: ’n nuwe aarde en hemel – vry van Satan, sonde en sondaars. Wat ’n blye vooruitsig!
4. God se koninkryk is ’n ryk van genade. Nie almal word vernietig nie. Die min wat uitverkies is, word uit genade gered. God het die straf wat ons verdien, op Hom geneem. Hy het sy Geliefde in ons plek gestraf tot die dood om ons met sy seën te vul. Ons sonde word vergewe. Uit genade is ons gered.
5. God se koninkryk is ’n ryk van nuwe lewe. As koninkryksburgers moet ons ’n nuwe lewe, ’n geesvervulde lewe lei. Paulus skryf: *“Die koninkryk van God is immers nie ’n saak van praatjies nie, maar van krag”* (1 Kor. 4:20). Deur sy Gees skenk Christus die nuwe lewe. In Jesus se Bergpreek vind ons ’n voorsmakie van hoe so ’n lewe lyk.
6. Dis ’n koninkryk van toekomstige heerlikheid. Ons het dit nog nie. Ons sal dit in die hemel ontvang. Almal in die koninkryk sal heerlikheid ontvang. ’n Nuwe liggaam, vry van sonde, volmaakte vrede, vreugde en blydskap.
7. Dis ’n koninkryk van intieme gemeenskap met God. Dis die allerbeste! Almal in sy koninkryk het gemeenskap met Hom. Jy is nie net ’n burger van die koninkryk nie, maar ’n seun en dogter van God. Hy het ons lief.

Dis die beste nuus wat jy ooit sal hoor! Ons mag dit uitjubel: Here, u koninkryk is asemrowend! Dit verskaf vreugde. Dis heerlik om na uit te sien! Glo dat die goeie nuus waar is. Hoe kan ons dit vir onsself hou? Deel dit, verkondig dit, leef dit!

*Sing: Skrifberyming 1-4:1-4*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)*